

# LAERSKOOL CHARLO PRIMARY



Geagte Ouer

As voorsorgmaatreël teen COVID-19 het die Departement van Onderwys sekere maatreëls neergelê waaraan skole moet voldoen. Een van hierdie maatreëls is die handhawing van sosiale afstand. In n skoolomgewing is dit n geweldige groot uitdaging. Om hierdie uitdaging aan te spreek, het die Departement van Onderwys 3 modelle voorgeskryf waaruit skole moet kies. Hierdie modelle is so opgestel dat dit n welkome, respekvolle, inklusiewe en ondersteunende omgewing vir die leerders skep, terwyl daar steeds gepoog word om die verspreiding van COVID-19 te voorkom. 'n Gewone grootte skool mag nooit meer as 50% van sy leerders op dieselfde tyd op die terrein hê nie.

- Peletoneer:** Die helfte van die leerders kom in die oggend tot 12:00 en die res van die klas se leerders kom vanaf 13:00 tot 17:00. Die probleem hiermee is dat die klasse, in n baie kort tydjie, gedisinfecteer moet word voor die volgende groep kinders die klasse mag betree EN ons sal vir n tweede keer op een dag tyd moet spandeer om leerders by die hekke te skandeer. Die dag sal dan ook baie lank raak vir die tweede groep leerders en ons weet dat die jonger kind beter in die oggend konsentreer. Die oplaai en aflaai van leerders gaan n probleem wees vir ouers wat werk.
- Alternatiewe dae skool toe kom: Dit is die opsie wat Laerskool Charlo gaan volg.** Ons sal n 10 dag rooster opstel en die klas in 2 groepe deel. Groep 1 kom die eerste week 3 dae (Maandae, Woensdae en Vrydae) skool toe en die tweede week 2 dae (Dinsdae en Donderdae). Sodoende is daar deurlopendheid wat klasonderwyser en assessering aanbetref. Die klasse kan ordentlik skoongemaak word smiddae sodra die leerders verdaag en geen tyd gaan verlore deur n 2de skandering by die hekke te doen nie.
- Leerders kom elke tweede week skool toe:** Hierdie leerders sal vir n hele week sonder toesig of hulp by die huis moet bly. Dit gaan moeilik wees om die leerders te assesseer aangesien die jonger kind die begrip wat aangeleer is, alweer vergeet het teen die tyd dat die klasonderwyser hom/haar moet assesseer.

## WANNEER KEER MY KIND TERUG SKOOL TOE?

Gr RR, Gr R, Gr 1-3 en Gr 6 keer terug op 6 Julie 2020. Ons gaan aansoek doen om Gr 4 en 5 vroeër te laat begin; 20 Julie in plaas van 3 Augustus. Sodra ons goedkeuring van die Departement kry, sal ons die datum bekendmaak.

## VOORLOPIGE OGGENDREËLINGS:

Elke graad kry n spesifieke hek en tyd wat hy moet gebruik om soggens by aan te meld. Leerders sal op die sypaadjies aantree. Daar sal n persoon buite die hek wees wat sal help met toesig vir die Gr RR, Gr R en Gr 1 en 2 leerders. Die persoon sal seker maak hul staan op die 1,5 m streep wat geverf is op die sypaadjies en dat hul nie uit hul ry in die straat inbeweeg nie. By die hek sal hul geskandeer word en hul hande sal gespuit word. Ons werk aan n rekenaarprogram om ouers soggens n kort vraelys op hul foon te laat voltooi sodat dit nie in die ry gedoen hoef te word nie. Leerders wie se ouers nie die vraelys voltooi het nie, se naam sal deurkom as n waarskuwing op die skool se stelsel in die kantoor. Nadat die leerder klaar geskandeer is, moet hy/sy direk deurloop na sy/haar ry, waar die klasonderwyser reeds vir hom/haar sal wag.

Ingang	7:15 tot 7:35 aflaai	7:35 tot 7:55	Wie doen die skandering
Grondslagfase hekkie (Milesweg)	Gr RR en Gr R (ongeveer 50 leerders)	Niemand aan diens – hek gesluit	Me Joubert en Me Williams en 2x nasorgpersoneel
Agterkant van saal - ou ondersteunersklub-ingang	Gr 1 en 2 leerders (ongeveer 45 leerders)	Gr 6 (34 leerders)	B Pretorius en Me K Von Berg en 2x nasorgpersoneel

MILES ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH. PO BOX 5393, WALMER, 6070. TEL: 041 367 1172

Email: [info@charlo.co.za](mailto:info@charlo.co.za) [www.charlo.co.za](http://www.charlo.co.za)

# LAERSKOOL CHARLO PRIMARY



Nasorgingang	Niemand aan diens- hek gesluit	Gr 4 en 5 leerders (ongeveer 60 leerders)	Nasorgpersoneel en Mnr Hughes
Motorhuis se klein hekkie	Gr 3 en LSEN GF Gr 1-3, en 4 leerders (ongeveer 32 leerders)	Gr 7 en LSEN Gr 5-7 leerders (ongeveer 70 leerders)	Me Bellingan en Me Nilt en nasorgpersoneel

## SKOOLURE:

Om verdaging by hekke te vergemaklik, verdaag ons soos volg: (leerders verdaag by dieselfde hek as wat hulle soggens inkom.)

Gr RR	7:35 tot 12:00
Gr R	7:35 tot 12:30
Gr 1,2,3 en LSEN GF Gr 1-3 en 4	7:35 tot 13:05
Gr 4,5,6,7 en LSEN IP Gr5-7	7:55 tot 14:05

## WAT MOET MY KIND SAAMBRING?

**Daar sal geen snoepie wees die kwartaal nie.** Maak asb seker dat u kind genoeg kos inpak.

Elke kind moet asb. elke dag 'n plastieksak, waarin hul al hul eie vullis in die klas kan gooi, saambring. Die sak moet tuis weggegooi word. Elke kind moet ook 'n toiletrol en 'n klein botteltjie handsaniteringsmiddel in sy tas saamdra. Geen kind sal toegelaat word op die terrein sonder n lapmasker. Geen handskoene of komberse sal toegelaat word nie.

Aangesien die Gr RR tot Gr 6 leerders elke tweede dag skool toe kom, sal die leerders geen van hul boeke of persoonlike eiendom in die klas mag los nie. Die klasse word elke middag van hoek tot kant gespuit. Hierdie ontsmettingsmiddel maak alle oppervlakte klam. Indien boeke buite of in banke gelos word, sal dit beskadig. Kinders moet dit dus elke dag saam huis toe neem. Die Gr 4-7 onderwysers het elektroniese handboeke aangekoop om op ons interaktiewe witborde te gebruik. Die leerders het dus nie nodig om hul swaar handboeke daagliks skool toe te bring nie, hulle kan slegs hul skryfboeke volgens hul rooster vir die dag inpak.

Sodra die kind deur die hek van die skool beweeg sal hy/sy 3 vorms moet inhandig: (besikbaar op D6)

1. Die vrywaringsvorm
2. Die risiko-assesseringsvorm
3. Die "toestemming vir skandering" vorm

## NASORG:

Daar sal geen oggendsorg wees nie aangesien skandering reeds om 7:15 vir die jonger kinders begin.

Na vele oorwegings het ons besluit dat nasorg op hierdie stadium slegs as n plek van toesig hanteer sal word. Daar sal vir eers nie kos voorberei word by nasorg nie. ( Die gebruik van eetgerei, die voorbereiding van kos asook die handhawing van afstand terwyl die jonger kinders eet, mag dalk n probleem wees.) Pak dus vir u kind genoeg kos in vir nasorg. Daar is nie genoeg plek en toesig in die badkamers vir die leerders om te verkleer nie. Hulle mag dus nie privaatklere saambring vir nasorg nie.

# LAERSKOOL CHARLO PRIMARY



Alhoewel daar geleentheid vir leerders gegee sal word om huiswerk te doen, sal die nasorgdames nie kan help met huiswerk as gevolg van die “handhawing van afstand” maatreël en die verbod op die deel van oppervlaktes (verskillende kinders wat hulle boeke op die nasorgpersoneel se tafels neersit en optel). Die dames sal egter sover moontlik probeer om hulp te verleen sonder om bogenoemde reëls te oortree. Nasorgfooie sal diensooreenkomstig aangepas word; R600 pm vir voldag. Ouers wat reeds vir die jaar vooruitbetaal het, sal of terugbetaal word (Gr 7 leerders) of hul rekening sal gekrediteur word met die verskil.

## MAG MY KIND TUISBLY?

Soos u seker ook al gesien en gehoor het, val die Minister van Onderwys baie rond oor die Departement se beleid t.o.v kinders tuishou. Haar nuutste standpunt is dat kinders nie van die register verwyder gaan word indien die ouer verkies om voort te gaan met afstandonderrig nie. U mag dus u kind tuis hou en werk van die skool ontvang solank as wat u steeds u skoolgeld betaal. Die werk wat u ontvang sal slegs ‘n werksrooster vir die week wees en nie power points soos gedurende die grendeltydperk nie. Ons voorsien egter probleme as dit kom by die assessering van Gr R tot Gr 3 leerders. Grondslagfase leerders moet daaglik geassesseer word. Ons wag nog vir instruksie van die Departement oor hoe die assessering van Grondslagfase leerders wat tuis bly, gaan geskied (Tans sal geen Gr RR en Gr R ouer, wat verkies om hulle kinders tuis te hou, n rapport van die skool ontvang nie.) Gr 4 tot Gr 7 leerders se assessering is minder problematies aangesien hulle een dag n week kan inkom en al die assessering vir die week op een dag kan voltooi.

Ons wil graag die week voor die Gr RR, Gr R, Gr 1,2,3 en Gr 6 terugkeer, n oriëntasieweek met hulle hou sodat die leerders die aanmeld in die oggend kan inoefen. Dit sal soos volg werk:

DATUM	DAG	TYD	GRAAD	Groep
29 Junie	Maandag	7:30 tot 10:00	3 en 6	1
30 Junie	Dinsdag	7:30 tot 10:00	3 en 6	2
1 Julie	Woensdag	7:30 tot 10:00	1 en 2 LSEN Gr1-3 en 4	1 -
2 Julie	Donderdag	7:30 tot 10:00	1 en 2 LSEN Gr5-6	2 -
1 Julie	Woensdag	7:30 tot 8:30	Gr RR en Gr R	1
2 Julie	Donderdag	7:30 tot 8:30	Gr RR en Gr R	2

Elke klas se leerders sal in 2 groepe gedeel word; hoofsaaklik alfabeties. Daar sal voorsiening gemaak word vir boeties en sussies van verskillende grade om op dieselfde dag te kom. Die klasonderwyser sal die groepe op die WhatsApp groepe plaas. Sodra onderrig begin het, **MAG U NIE MEER U GROEPE VERANDER NIE**. Indien u dus probleme voorsien met die groep waarin u kind is, moet u dit voor 6 Julie met die klasonderwyser uitklaar.

Saam met hierdie nuusbrief is daar twee opnames wat u asb moet voltooi en terugstuur vir die klasonderwyser.

1. Gaan u kind van nasorg gebruik maak?
2. Gaan u u kind terugstuur skool toe of gaan u van tuisonderrig gebruik maak?

Kinders met komorbiditeite moet steeds mediese rekords as bewys skool toe stuur. Ouers wat om ander redes hul kinders tuishou, sal ook ‘n aansoekvorm moet voltooi sodat u en die skool gedek is, sou die Departement weer van plan verander.

[Kliek hier vir opname](#)

MILES ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH. PO BOX 5393, WALMER, 6070. TEL: 041 367 1172  
Email: [info@charlo.co.za](mailto:info@charlo.co.za) [www.charlo.co.za](http://www.charlo.co.za)

# LAERSKOOL CHARLO PRIMARY



**KINDERS WAT LAAT KOM SAL TOEGANG TOT DIE SKOOL GEWEIER WORD. HIERDIE REËL SAL BAIË STRENG TOEGEPAS WORD. GEEN UITSONDERINGS SAL GEMAAK WORD NIE.**

**SLEGS PERSONE WAT N AFSpraak MAAK DEUR DIE KANTOOR, SAL TOEGELAAT WORD OP DIE SKOOLGRONDE. GEEN ANDER BESOEKERS SAL INGELAAT WORD BY DIE HEK NIE!!**

#### **KLEREDRAG:**

Gr 7 leerders mag civvies dra, indien hul sou verkies, aangesien daar net 150 skooldae oor is tot die einde van die jaar. Ons wil nie hê die ouers moet nou onkoste aangaan vir nuwe klere vir slegs 150 dae nie. Gr 1's mag vir die res van die kwartaal civvies dra om ouers meer tyd te gee om die regte klere te bekom. Die res van die grade (Gr 2 tot 6) moet in volle skooldrag geklee wees.

Geen ouer mag inkom om die klerebank te besoek nie. Kontak asb. Sonette d.m.v 'n epos. Sonette sal die leerders uit die klas roep om te kom pas in die klerebank. Die nodige COVID-19 voorsorgmaatreëls sal tydens die passessies toegepas word. Leerders wie se klere tans nie pas nie, mag die eerste week in gewone klere skool toe kom totdat hulle n kans gehad het om by die klerebank uit te kom. Indien 'n ouer nie tevrede is met die grootte van die item wat Sonette gekies het nie, mag u die item die volgende dag terugstuur saam met die leerder. Die kledingstuk sal dan gestoom word voordat dit teruggeplaas word op die rak.

#### **SIEKTE:**

Elke ouer is volgens wet verplig om sy kind tuis te hou sou hy/sy siek voel of COVID-19 simptome toon.

Groete

A Daniell